

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 November 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 49:2, 3 (p. 248)

- 2 Waarom sou ek verskrik wees in 'n tyd / as onheil dreig in ongeregtheid,
as onderkruipers my gedagtes kwel, / en hul vir my die fynste strikke stel?
Hul wil oorwin deur kragdaad en geweld, / dra roem op grootheid, mag van goed en geld;
maar kom die dood – wie weeg dan geld vir lewe? / Geeneen wat God die losprys dan kan gewe.
- 3 Onvindbaar is vir ewig die rantsoen / wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.
Geen mens het ooit, hoe sterk ook sy bestaan, / hoe wys of dwaas, die grafkuil kon ontgaan;
Daar 's niemand wat die dood ontvlug, geeneen; / en magt'loos gaan die mensekind weer heen.
Geen skatte volg hom op dié donker spore; / wat hy verwerf het, is vir hom verlore!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 99:1, 2 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Gebed

Psalm 130:1, 2 (p. 635)

- 1 Uit dieptes, gans verlore, / van redding ver vandaan,
waar hoop se laaste spore / in wanhoop my vergaan;
uit diep van donker nagte / roep ek, o HERE, hoor,
en laat my jammerklagte / tog opklim in u oor!
- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Skriflesing: Psalm 130:1-8; Heidelbergse Kategismus, Sondag 5

Kernvers: Psalm 130:3-4

As U, HERE, die ongeregthede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan? Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.
(Psalm 130:3-4 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

Vraag 13: Kan ons deur onself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Vraag 15: Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21. (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Tema: Verlossing is slegs moontlik volgens God se eis

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, om met liggaam en siel in lewe en in sterwe aan Jesus Christus te behoort omdat Hy ons met sy kosbare bloed losgekoop het van die heerskappy van die duiwel, is verseker 'n groot troos. Dit bring groot verligting vir iemand wat skuldig voor God gestaan het, want deur die Heilige Gees is hy verseker dat hy nooit weer voor God tereg sal staan oor sy sondes nie. Jesus Christus het sy sondeskuld ten volle betaal. Daarom kan hy nou onder leiding van die Heilige Gees voluit vir die Here lewe.

Hierdie getuienis van die gelowige het veroorsaak dat iemand wat nog nie hierdie troos het nie aan die gelowige vrae begin vra. Omdat hy nuuskierig is oor die troos waarin die gelowige lewe en gaan sterwe, wil hy meer te wete kom daarvan. Toe hy hierdie getuienis van die gelowige gehoor het, was sy heel eerste vraag: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe? Die gelowige het hom geantwoord: Drie dinge: Ten eerste hoe groot my sonde en ellende is; ten tweede hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

In hierdie gesprek tussen die vraagsteller en die gelowige het ons gehoor hoe die gelowige die eerste deel van ons Kategismus met die vraagsteller vanuit die Woord behandel. Die vraagsteller het in sy luister na die gelowige tot die besef gekom dat hy ook 'n skuldige sondaar is. In die eerste sewe vrae het die vraagsteller nog sy vrae so gevra asof hy nie in dieselfde bootjie as die gelowige is nie. Sy vrae was direk aan die gelowig, want hy vra byvoorbeeld: Kan jy die wet van God ten volle gehoorsaam? Maar in die agtste vraag praat hy van ons en in die vier vrae van Sondag 5 sluit hy homself telkens in. Hy besef dat hy ook verlossing nodig het aangesien hy self tot dusver in die gesprek agtergekom het hoe groot sy eie sonde en ellende is.

Broers, susters en kinders, die vraagsteller besef dat hy saam met die gelowige in wese 'n sondaar is, daarom verdien hy saam met die gelowige om tydelik en ewig deur God regverdig gestraf te word. Die tydelike straf van God oor die sonde is alreeds baie erg. Ons sien immers die toorn van God soos wat Hy dit vanuit die hemel openbaar. Ons beleef dan self tans die toorn van die Here in ons eie land – die versengende hitte en droogte, 'n president soos wat dit tans lyk skuldig is aan korrupsie, studente en betogers wat breek en brand sover hulle gaan omdat hulle hulle eie sin wil hê.

As die tydelike oordeel van God so lyk, hoe erg sal die ewige oordeel van die Here nie

wees nie. Dit gaan beteken dat 'n mens vir ewig van God vervreemd gaan wees. Dan is daar nooit in der ewigheid weer genade of liefde of sorg van die Here vir 'n mens nie – net die regverdige oordeel en straf op die sondes wat teen die allerhoogste majesteit van God begaan is. Elke liewe mense staan hierdie donker toekoms in die gesig – ook ons vraagsteller. Daarom vra hy: Is daar 'n manier dat ons van hierdie tydelike en ewige straf bevry en weer in genade aangeneem kan word?

Die mens wat weet hoe groot sy sonde en ellende is, bevind homself in 'n diepte waaruit hy moet kom as hy nog wil lewe. Dit is 'n diepte soos waarin die gelowige van Psalm 130 weet hy is vanweë sy eie sondes. Hierdie diepte kan 'n mens jousef voorstel as 'n baie diep gat in die grond. Die bokant van die gat is baie ver bokant jou kop. En die kante van hierdie

gat sien jy strek meters en meters loodreg bokant jou uit. En asof dit nog nie genoeg is nie is hierdie loodregte kante van die gat seepglad en klipsteenhard.

Wie al in so 'n groot moeilikheid was, sal die benoudheid in die gelowige van die psalm se stem hoor. Hoe gaan ons uit hierdie ellende kom? Maar die antwoord wat die vraagsteller hoor, laat sy keel net meer van angs toetrek. Die gelowige antwoord hom: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word.

Hierdie antwoord – en spesifiek die woord *geregtigheid* – berus op wat die gelowige reeds vanuit die Woord vir die vraagsteller aangetoon het. God het nog nooit sy standaard laat sak nie. Dieselfde eis wat Hy aan die begin aan die mens gestel het toe dié nog volmaak was, geld vandag nog steeds – volmaakte liefde aan God in woord en daad sowel as liefde vir jou naaste soos vir jousef. God kan met niks minder as volmaakte liefde tevrede wees nie.

Hierop reageer die vraagsteller en sê: Maar ek weet dat God nog steeds hierdie volmaakte liefde van my en alle ander mense eis. En omdat ek nie hieraan kan voldoen nie, wil God ook nie die sonde ongestraf laat bly nie. Jy het dan vir my uit die Woord gewys dat God eers tevrede sal wees as die regverdige straf toegedien is, en dit is die dood. As jy dan nou vir my sê dat ons eers van die straf bevry en weer in genade aangeneem kan word wanneer daar aan God se geregtigheid voldoen is, beteken dit mos dat ek of iemand sal moet sterf as straf op die sonde.

Inderdaad, dit is wat moet gebeur. Ons moet ten volle betaal, óf ons moet dit self doen óf iemand anders moet dit in ons plek doen, maar betaal sal daar betaal moet word. Daarby sal ons nie verby kan kom nie. Die benoudheid wat in die hart van die vraagsteller posvat, is die benoudheid wat ook in die hart van die gelowige van Psalm 130 was.

As U, Here, die ongeregthede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?
(Psalm 130:3 AFR53)

Hierdie woorde in vers 3 laat 'n mens met 'n vraag: Hou God boek van die sondes wat mense doen? Die antwoord op hierdie vraag is: Ja, God hou boek van die sonde. God vergeet nie wat teen Hom gesondig is nie. Jesus sê dit self in soveel woorde:

Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. (Matteus 12:36 AFR53)

Maar die gelowige van ons psalm bedoel: Here, as U al my sondes gaan onthou en my daarvoor verantwoordelik hou, soos wat dit hoort, dan is dit klaarpraat met my. Ek het dan nie eers 'n straaltjie van hoop nie, want ek weet dat ek geheel en al skuldig staan voor U. En U is die regverdige God.

Mense wat nog nooit geleer het hoe heilig en regverdig God werklik is nie, veronderstel dat dit met hulle goed sal gaan op die oordeelsdag. Hulle sê dan van hulleself dat hulle eintlik nie sulke slegte mense is nie. Om die waarheid te sê, hulle is min of meer goeie mense. Maar die mens, soos die gelowige en die vraagsteller, wat weet hoe heilig en regverdig God is, weet dit werk nie so nie.

As elkeen van ons se geheue goed is en ons maak 'n lys van die sondes wat ons die afgelope week gedoen het, gaan ons bleek word van skrik. En dan praat ons nog nie eers van die sondes wat ons ons hele lewe lank al gedoen het nie. So 'n lys sal natuurlik net bestaan uit die sondes wat ons bewustelik gedoen het. Ons moet nog daarby al die ander sondes tel wat ons onbewustelik gedoen het, maar nie net dit wat ons gedoen het nie – ons moet ook die verkeerde woorde en gedagtes daarby tel. Onthou om nie net die sondes op te tel toe jy 'n gebod van die Here oortree het nie – tel ook die by toe jy maar net eenvoudig die gebod van die Here geïgnoreer het.

Kom ons stel dit nog eenvoudiger. Het ons vir God elke oomblik van hierdie afgelope week met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele verstand en met al ons kragte liefgehad? Het ons ons naaste elke oomblik van die week liefgehad soos onself? Het selfsug en eersug nie een keer veroorsaak dat ons kwaad geword het nie? Het ons elke verkeerde begeerte en gedagte sommer by die begin daarvan doodgemaak of het ons dit maar so bietjie die loop laat neem?

Ag, ons kan nog aangaan en aangaan, maar ons kry die punt. As ons die sondes van hierdie afgelope week moes opskryf, sou niemand van ons voor die Here kan bly staan nie. En dit is maar net die sondes wat ons onthou. Daar is baie sondes wat ons nie onthou nie omdat ons soms dinge doen en dit lyk vir ons reg, maar in die oë van die Here is dit nie reg nie. En God weet van elke ding wat ons verkeerd gedoen, gedink en gesê het.

Daarom is daar geen manier dat 'n mens self sy skuld by God kan betaal nie. Hy kry dit dan nie eers reg om volmaakte liefde aan God en sy naaste te bewys nie. En die liefde wat hy wel bewys, is ook nie eers sonder die smet van sonde nie. In Jesaja staan dit geskryf dat selfs ons beste werke soos vuil klere is (Jes 64:6). In plaas daarvan dat 'n mens sy eie skuld betaal, is hy in werklikheid besig om sy skuld net al meer te maak, want niks wat hy doen is volmaak nie.

Oor hierdie antwoord word die vraagsteller nog bleker van skrik en benoudheid. En dan onthou hy van die sondeoffers waarvan hy al in die Bybel gelees het. Daar is mos voorskrifte van die Here in die Bybel dat as iemand gesondig het hy 'n dier aan die Here moet offer.

Ja, sal die gelowige kan antwoord. Die Here het daardie voorskrifte in die Ou Testament gegee. Maar die gelowiges in die Ou Testament het al agtergekom dat daardie offers nie die skuld van die sonde kan wegneem nie. Die gelowiges van die Ou Testament kon wel verseker weet dat God hulle sondes vergewe het wanneer hulle dit opreg bely het. En dan was hulle weer met God versoen, maar die bloed van die diere het nie die skuld wegge-
neem nie.

Hoekom nie? Omdat God nie 'n ander skepsel vir die skuld wat 'n mens gemaak het, wil straf nie en omdat geen blote skepsel die ewige toorn van God teen die sonde kan dra en 'n mens daarvan verlos nie. Met hierdie antwoord gee die gelowige twee redes.

Aan die een kant sou dit onregverdig wees as God 'n ander skepsel straf vir die skuld wat

die mens gemaak het. Buitendien, God het net met die mens in 'n persoonlike verhouding getree. Van al die skepsels is dit net die mens wat na die beeld van God geskep is. Net die mens is geskep om God gewillig te gehoorsaam. Net van die mens verwag die Here dat hy Hom sal liefhê. En dit is net die mens wat aan die Here ongehoorsaam was. Daarom sou God onregverdig wees as Hy ander skepsels straf vir die sonde wat die mens gedoen het. Die Here sê dan self dat Hy nie eers die kind sal straf vir die sondes wat sy pa doen nie, of die pa straf vir die sondes wat die kind doen nie (Eseg 18). Elke mens staan verantwoordelik oor sy eie skuld voor die Here.

Aan die ander kant is daar ook geen skepsel wat in staat is om die ewige toorn van God teen die sonde te dra en mense daarvan te verlos nie. Die toorn van God is verskriklik swaar, want die sondes wat die mens doen is verskriklik erg. Daarom moet die een wat in die plek van mense die straf op die sondes wil dra sterker wees as enige mens en enige skepsel.

Daarom moet die middelaar en verlosser van mense aan drie eienskappe voldoen. In die eerste plek moet so middelaar 'n mens wees. In die tweede plek moet so 'n middelaar 'n volmaakte mens wees, dit wil sê hy moet self geen sondes hê nie. En as hy dan sterker as enige mens en enige ander skepsel moet wees, beteken dit dat hy ook ware God moet wees.

Nou eindig Sondag 5 op so 'n spannende noot. Maar ons psalm eindig nie so nie. Daar is nog die groot *maar* van vers 4.

Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word. (Psalm 130:4 AFR53)

Die vergifnis vir sondes is nie al wat die mens by God moet soek nie. Aangesien Hy volmaakte voldoening aan sy geregtigheid eis en weet dat die mens nie in staat is om dit te doen nie, gee God self die volmaakte betaling vir die mens se sonde. Hy het sy eie Seun as die Lam gegee – 'n Lam sonder enige gebreke, want Hy is volmaak. God se Lam is

die Mens Jesus wat ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria. Hierdie Jesus is self God.

By God is daar vergewing, want Hy het ook die losprys vir mense se lewens gegee – Jesus die Christus, die Seun van die lewende God. Hy vergewe mense nie maar net omdat hulle Hom vra om hulle te vergewe nie. Hy vergewe mense omdat sy Seun aan sy regverdige eis voldoen het. Christus het volmaak aan die eis van die wet voldoen – Hy het sy Vader se wil, soos in die Tien Geboie uiteengesit, volmaak gehoorsaam. Hy het ook volmaak die straf op die sondes van mense gedra. En omdat Hy dit volmaak gedra het, het sy Vader Hom uit die dood opgewek en Hom verhef tot in die hemel aan sy regterhand.

Wie hierdie vergifnis van God deur Jesus Christus ontvang het, vrees God. Jy wat deur die kosbare bloed van Jesus Christus losgekoop is, vrees God want jy weet dat Hy alle rede gehad het om jou in jou sonde te los en uiteindelik vir ewig te veroordeel, maar Hy het nie. Jy vrees nie die straf van God nie maar Homself omdat Hy sy eie Seun na liggaam en siel getref het met die oordeel wat jou regtens toegekomp het.

Hierdie vrees oor die regverdigheid en genade van die Here veroorsaak dat 'n mens nie anders kan en nie anders mag nie as om onder leiding van die Heilige Gees net vir die Here te lewe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 130:3, 4 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurigdeur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregtighede. / HEER, doen ook so aan my!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 November 2016